CP NASKOOL AKADEMIE

Kenmarstraat 514
Constantia Park

Tel: 082 323 8767
E-pos adres: info@cpnaskool.co.za
Webtuiste: www.cpnaskool.co.za

VRYWARING

Ek, _____, (Ouer se naam en van),

ouer / wettige voogvan _____ (Kind se naam en van)

verklaar hiermee die volgende:

- Ek vrywaar en stel CP Naskool Akademie, personeel, lede van die beheerliggaam en werknemers skadeloos teen enige skade, eise of aanspreeklikheid wat mag ontstaan weens skade aan of verlies van eiendom, liggaamlike besering, siekte of dood wat my of my kind raak en wat verband hou met my kind se deelname aan enige naskool aktiwiteite (insluitende die vervoer van my kind) of buitemuurse en kurrikulêre bedrywighede wat plaasvind buite die normale besigheidspersele van CP Naskool Akademie (hetsy dit tydens of buite naskoolure plaasvind), ongeag of dit voortvloei uit of veroorsaak is deur 'n handeling of versuim (nalatig of andersins) deur enige sodanige gevrywaarde party ***Voormelde vrywaring geld egter nie ten opsigte van skade, eise of aanspreeklikhede wat veroorsaak is deur die opsetlike of growwe nalatige handelinge van enige gevrywaarde party nie.*
- Die reg van toegang tot die perseel word te alle tye voorbehou.
- Alle persone en kinders wat CP Naskool Akademie betree, doen dit geheel en al op eie risiko.
- Alle persone wat CP Naskool Akademie se eiendom betree, die ouers van kinders en die partye tot hierdie ooreenkoms, onderneem om die reëls en regulasies van CP Naskool Akademie stiptelik na te kom en bevestig dat daardie reëls by hierdie ooreenkoms ingelyf word as deel daarvan.
- Ek gee toestemming dat my kind aan enige aktiwiteite van CP Naskool Akademie en alle normale kurrikulêre bedrywighede van CP Naskool Akademie, mag deelneem. Indien ek bogemelde goedkeuring wil onttrek of indien daar enige beletsel is teen deelname aan enige aktiwiteite of normale kurrikulêre skoolbedrywighede, sal ek CP Naskool Akademie skriftelik daarvan in kennis stel.
- Ek is bewus daarvan dat indien my kind deelneem aan buitemuurse en buite kurrikulêre aktiwiteite, CP Naskool Akademie nie verantwoordelik gehou kan word vir my kind se veiligheid en welstand nie.
- Ek verklaar dat sover ek weet my kind fisies in staat is om aan enige aktiwiteite van en normale bedrywighede by CP Naskool Akademie deel te neem en dat my kind in goeie gesondheid verkeer.
- Indien my kind om enige rede hoegenaamd vervoer moet word deur middel van 'n motorvoertuig, hetsy in die geval van nood of ten aansien van 'n aktiwiteit, my kind vervoer mag word deur 'n wettige vervoer operateur of 'n werknemer of ander ouer van CP Naskool Akademie met wie daar uitdruklik 'n reëling vir die doeleinde getref is.
- Indien mediese behandeling vir my kind nodig mag wees en CP Naskool Akademie na redelike pogings onsuksesvol was om vir my of die aangewese kontakpersoon (wie se naam en besonderhede op die registrasievorm verskyn) in die hande te kry, die betrokke naskoolhoof of haar gevolmagtigde, toestemming namens my mag gee tot die mediese behandeling.
- Ek aanvaar dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van uitgawes, mediese rekeninge en/of hospitaalrekeninge indien van toepassing, in geval van besering van my kind.
- Ek bevestig dat ek CP Naskool Akademie van alle relevante feite en gebreke rakende my kind se liggaamlike vermoë en gesondheid in kennis gestel het.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20_____

_____ _____

Volle name en Van Handtekening